
# Weeklikse **Verslag**

10 Jan 2024

Francois Fourie




# Agenda

In die eerste verslag vir 2024, kyk ons na die plant gesondheid indeks soos dit tans staan, en hoe dit met ander jare vergelyk.


- Vegetatiewe Gesondheid Indeks (VGI)
- RSA Grondvog
- Grafieke
- Weeklikse Opsomming
- SAGIS Uitvoer Vordering




# **Vegetatiewe** Gesondheid Indeks (VGI)


Ek begin deur die twee ekstreme gevalle te wys. Die linker kaart toon ekstreme droogte aan, soos in **2016** gesien. Die regter kaart toon ekstreme nat toestande aan in **2022**.

In 2016 was daar 1.946 miljoen hektaar mielies geplant en 7.77 miljoen ton geproduseer (4 ton/ha) In 2022 was daar 2,623 miljoen hektaar mielies geplant en 15.47 miljoen ton mielies geproduseer (5.9 ton/ha).



Die Vegetatiewe Gesondheid Indeks (VGI) soos dit tans staan. Die reën het die seisoen laat in die weste gekom, maar ten spyte van dit, lyk vir my soos 'n gemiddelde jaar tans.



# VGI

Soos daar op die vorige bladsy gesien is, lyk dit na 'n gemiddelde jaar sover vir die VGI.

Die voorneme om te plant was teen 2.586 miljoen hektaar geskat. Indien ons die laaste 5 jaar se gemiddeld neem en die voorneme om te plant hektare gebruik, dui dit op die volgende oeste:

Witmielies = 7.92 miljoen ton

Geelmielies = 7.178 miljoen ton

Totale mielies = 15.1 miljoen ton

*15 miljoen ton is meer as genoeg vir ons plaaslike behoeftes. Ons gaan nog leer waar die oes gaan eindig.*







# RSA Grondvog

Die grondvog verbeter na die reën.

# RSA Grondvog




| BVG Weerstasies | 14 Dag Totaal (2023-12-26 : 2024-01-10) | Seisoen totaal 2022/23 (2023-07-01 : 2024-01-10) A | Vorige Seisoen tot datum 2021/22 (2022-07-01 : 2023-01-10) B | Nuwe seisoen as % van vorige seisoen A ÷ B |
|---|---|---|---|---|
| **VRYSTAAT** | | | | |
| Bothaville | 48 | 135 | 249 | 54% |
| Fouriesburg | 80 | 436 | 724 | 60% |
| Hoopstad | 92 | 352 | 345 | 102% |
| Koppies-Sasol | 81 | 457 | 571 | 80% |
| Vrede | 69 | 490 | 546 | 90% |
| Vredefort | 61 | 275 | 529 | 52% |
| Bultfontein-Weltevrede | 133 | 439 | 326 | 135% |
| **MPUMALANGA** | | | | |
| Amersfoort | 76 | 359 | 657 | 55% |
| Davel | 26 | 273 | 434 | 63% |
| Middelburg-Pan | 46 | 252 | 739 | 34% |
| Morgenzon | 43 | 422 | 620 | 68% |
| Witbank | 65 | 288 | 476 | 61% |
| Delmas | 17 | 121 | 201 | 60% |
| **NOORD-WES** | | | | |
| Stella | 72 | 226 | 430 | 53% |
| Schweizer-Reneke | 95 | 290 | 404 | 72% |
| Leeudoringstad | 62 | 333 | 484 | 69% |
| Coligny | 54 | 228 | 360 | 63% |





# Grafieke

10 Jan 2024

# CBOT **Mar'24** Corn

Die CBOT Mar'24 Corn kontrak verhandel swakker vandat ons laas in Desember hierna gekyk het en is omtrent 20c sedert dien af.

Die tegniese aanwyser is laag, maar nog nie oorverkoop nie.



# Safex **Mar'24** Wmaz

Die Safex Mar'24 WMAZ kontrak is ook aansienlik swakker vandat ons in Desember laas na die grafiek gekyk het, en is omtrent R700 laar sedert dien.

Die tegniese aanwysers is oorverkoop.



# CBOT **Mar'24** Bean

Die CBOT Mar '24 BEAN kontrak verswak meer as 90c sedert middel Desember.


Die mark se fokus is op die groot sojaboon oes in Suid-Amerika.

Die tegniese aanwysers is laag maar nog nie oorverkoop nie.




# Safex **Mei'24** Soya

Die Safex Mei '24 SOYA kontrak is onder geweldige druk weens die dalende sojaboon pryse in Chicago en sak meer as R900 sedert middel Desember. Die tegniese aanwysers is oorverkoop.



# **Dollar** indeks

Die VSA Dollar indeks verswak onder die geweegde gemiddelde lyne in.



# Rand/Dollar wisselkoers

Die Rand/Dollar wisselkoers bly binne die rooi verhandelings band verhandel.





# Opsomming

- Ons kyk na die Vegetatiewe Gesondheid Indeks (VGI) soos dit tans staan en gaan vergelyk dit met die twee mees onlangse ekstreme.
- Die VGI vir 2024 sover dui op 'n gemiddelde jaar aan met produksie verwagting van 15 miljoen ton mielies totaal.
- Dit is genoeg om aan ons behoeftes asook vir gedeeltelike uitvoere te voorsien.
- Die CBOT pryse is onder geweldige druk wees goeie oes toestande in Suid-Amerika wat oor skakel na druk op Safex ook.
- Tegnies is die grafieke almal laag of selfs oorverkoop.






# SAGIS
# UITVOER VORDERING

SAGIS

# UITVOERE PER WEEK

| UITVOERE | GEEL MIELIES | WIT MIELIES |
| --- | --- | --- |
| **WEEK** | **29 772** | **22 425** |
| **TOTAAL** | **1 881 157** | **580 485** |

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI-AGRI

COMDI.CO.ZA

# DANKIE

4IE TRADING

(012) 111 0557 of by info@4ietrading.co.za

Geskryf deur **Francois Fourie** van 4IE Trading, in samewerking met COMDI Agricultural Markets (Pty) Ltd